## HOOFSTUK III.

### *C. N. O.*

Met reg kan ons sê, dat Ds. Du Toit ook die vader van die beweging vir Christelik-Nasionaal Onderwijs was. Dit sal ons nou aantoon. Maar ons laat vereers volg wat hij daaromtrent laat opskrijf het. Dis dit:

"Die eerste geskrif wat ik gepubliseer het was: "De Christelike School in haar Verhouding tot Kerk en Staat." Die skoolwet had bepaal dat die skool nie sektaries sou wees nie en dat Godsdiens-onderwijs (religious instruction) alleen kan gegee word in 'n uur wat daartoe afgesonder was buite die gewone skoolure—mits g'n kinders gedwing word om daarbij te wees.

"Die standpunt van Ds. Van der Lingen, mijself en die gemeente was dat godsdiens nie buite die onderwijs kan gesluit word nie en dus die skool onkristelik was.

"Vreeslik werd ik oor die boekie in verskillende tijdskrifte aangeval, blijkbaar meesal deur predikante, hoewel naamloos. Op al die geskrijf het ik geantwoord in mijn "Repliek op alle Recensien". Daarop is nooit g'n antwoord verskijn. Die teenstand het geswijg. Die Paarlse Gymnasium was nog steeds die vernaamste voorbereidende skool vir die admissie-eksamen tot die Kweekskool en was voortreflik ingerig deur Ds. Van der Lingen. Uit vijandskap egter teen die positief kristelike standpunt werd jongeliede weggelok naar opleidingskole onder die staats-wet. Dikwels het ik 'n oproep gedaan vir vrije skole, maar dit het net in Burgersdorp weerklank gevind.

"Jaarliks werd petisies vir die parlement opgemaak en ruim geteken, en die eis van vrije skole bij die stembus in verskeie kiesafdelings gestel. Die beweging het toegeneem en toen het "Onze Jan" 'n wijsiging voorgestel in die wet, wat niks beteken het. Daarmee werd egter die teenstand die nek gebreek."

Tot sover die diktaat.

#### DIE GYMNASIUM.

Ds. Du Toit had dus ook insake C. N. O. sijn voorganger, n.l. Ds. Van der Lingen met sijn Paarlse Gym-

nasium. Hierdie stigting het vir ons historiese betekenis en dis nou die tijd om daaroor iets te sê.

Die aanleiding tot die oprigting was als volg: Verskeie lede van die Paarlse gemeente was ontevrede met die uitvoering van die plan aangaande die stigting van 'n kweekskool en wou daarom aan die Paarl 'n "tweede Akademie" hê. Dit het Ds. Van der Lingen afgekeur. Hij het toen aan die hand gegee die oprigting van 'n "Literariese Fakulteit." Hieraan het misskien die Gymnasium sijn ontstaan te danke, nie lang daarna nie.

Die gebouw wat opgerig werd was groot, doeltreffend en—interessant. Ja, interessant soos die stigter self. Dit had 'n toring en was versierd met allerlei Egyptiese tekens en simbole. Dit staan nog als 'n sieraad aan die Paarlse hoofstraat.

Die doel was om nie slegs vrije kristelike onderwijs aan kinders te gee nie, maar ook vernaamlik om jonge manne wetenskappelik op te lei vir staatseksamens en voor te berei vir die admissie van die Stellenbosse Kweekskool.

Mevr. De Villiers sê in die lewensbeskrijwing van haar vader: "Gedurende zijn elfjarig bestaan had het, benevens vele anderen die nuttige plaatsen in de maatschappij bekleedden, twee kandidaten in de letteren en twintig in de theologie geheel of gedeeltelik voorbereid, en zag het op een ander tiental kwekelingen die hetzelfde doen beoogden."

Die Gymnasium had egter ('n profesie vir alle latere vrije skole) 'n sware worsteling om te blij bestaan. Ds. Van derLingen, gelukkig 'n man van middele, moes gedurig die tekorte aanvul, en dan moes hij bowedien die ons bekende verwijte opeet, o.a. dat daar g'n Engels genoeg geleer word nie. Toen hom eindelik gevraag werd—hij was President-Kurator—dat ook Latijn in Engels sal onderwese word en met Engelse uitspraak, het hij gesê: "*neen* en nog eens *neen*!"

Natuurlik werd gedurig bij Ds. Van der Lingen aangedronge: laat ons tog maar 'n regeringskool stig. Maar hij wou nie. Sijn eerste beswaar was, dat deur die "schedule" godsdiens buite die skool gesluit werd, en sijn tweede, dat Engels medium van onderwijs moes wees. Die regeringskole was in één woord vir hom "uit de (Franse) Revolutie voortgesproten en deden zich in aard en strekking als haar produktie kennen." Sijn beginsel was: "De Heiland zelf had bij zijn vertrek van de aarde het onderwijs aan zijn jon-

geren opgedragen; door die daad behoorde dus het onderricht aan de Kerk en niet aan de Staat".

Toen die plan opgevat werd om 'n regeringskool te stig, het hij vir sijn gemeente gesê: "Ik word ertoe gedrongen u te zeggen dat indien er door de leden dezer gemeente alhier een Goevernementschool naar de bestaande schoolwetten opgericht worde, er dan een scheiding komt tussen herder en gemeente, voor de tijd, voor sommigen wellicht voor de eeuwigheid."*

DIE KWAAI BOEKIE.

Reeds als theol. student was Ds. Du Toit s'n gevoele omtrent die skoolkwessie gevestig. Dit blijk uit 'n brief aan mnr. Hoogenhout. En die kwaai boekie, wat soveel roering veroorsaak het, was geskrewe vóór hij Paarl toe gegaan het.† Die titel was: "De Christelike School in hare verhouding tot Kerk en Staat, door een Leeraar der Ned. Geref. Kerk. Paarl, 1876".

Dis die moeite wêrd om die boekie groot 106 blss. te lees, want dis met gloed en oortuiging geskrewe, en daar kom baing nuwe gesigspunte in voor.

Vereers word die vraag beantwoord of Christus aan Staat of Kerk die onderwijs van die jeug opgedra het? Die antwoord is—aan die Kerk met verwijsing naar tekste als Joh. 21:15—17, Mat. 28:19, Hand. 4:2, ens. Hoofargument egter is die deurgaande Bijbelse waarheid, dat die wereldmag uit haar aard "antikristelik" is, wat aangetoon word uit haar oorsprong, (Gen. 11, 1 Sam. 8, Ps. 2) en haar einde (Dan. 2 en Openb.). Wat seker baing seer gemaak het is die bewering, dat "de Kerk van Christus op het laatst met de wereldmacht delen zal in haar afval en opstand tegen Christus" (bl. 12), en dat "de Kerk Christus verwerpt als haar Profeet wanneer zij met de Staat Scholen zonder Godsdienst sticht" (bl. 14).

In die aanwijsing van die Kerk als opvoedster sien ons duidelik die invloed van Ds. Van der Lingen. Ds. Du Toit het egter later nader uitgespreek hoe hij dit bedoel, n.l. "dat het onderwijs volgens de Schrift opgedragen is *aan de ouders onder toezicht der Kerk*".‡

---

* Vgl. verder Mevr. M. de Villiers' Lewensbeskrijwing blss. 175 en 262.

† Kijk: "Ontstaan Gemeente Noorder Paarl," bls. 79.

‡ De Vrije School voor 't Kaapse Parlement door Ds. S. J. du Toit, bls. 1.

Verder volg in die boekie 'n uitvoerige bespreking van die destijds brandende vraag: is die skole volgens die "skedulė" kristelik of nie? Met klem van redene word aangewijs dat daar 4 en nie 5 gewone skoolure is nie, volgens die skedule. "Gedurende de 4 uren vraagt de regering bepaald sekulair onderwijs...Godsdienst, Bijbel en Kristendom behoren dus gedurende de schooluren niet thuis in de school... Dit was (volgens aanhalings in die boekie) ook die opinie van Saul Solomon en bisskop Gray.

Daarteen het die skrijwer hierdie besware: 1) die grondslag van die skole is dus nie die Kristendom maar humaniteit; 2) die skole is dus nie slegs nie-sektaries nie, maar bepaald nie-kristelik; 3) nie-kristelike skole in die boesem van 'n kristelike maatskappij is anti-kristelike skole; 4) die skedule skei wetenskap en Godsdiens, wat volgens Gods Woord nie mag nie; 5) die skedule verban die kristelike tug: 6) die skedule ondermijn die wetenskap self en 7) die skedule is onprakties en onuitvoerbaar.

Nadat enige bedenkinge hierteen bekwamelik ondervang is, roep die skrijwer 'n groot aantal getuige op, wat aan sijn kant staan. Wat 'n werk was dit nie om als die skrijwers te raadpleeg! Hier is enige van die manne wat opgeroep word: Luther, Von Raumer, Meyer, Lattmann, Curtmann, Kiroch, Schulze, Klemm, Heinroth, Klopsch, Lehmann, Palmer, Kehr, Schwarz, Müller, Cumming, Vinet, Groen v. Prinsterer, Kuyper, ens., ens.

## 'N SWERM BEOORDELAARS.

Die boekie s'n uitwerking was die van 'n knopkierie onder 'n trop ganse—'n pragtige beloning vir 'n Suid-Afrikaanse skrijwer. Gewoonlik tog word die ernstigste konsciensie-kreet net met 'n doodse stilte beantwoord.

Wat die beoordelaar te sê had, het Ds. Du Toit vir die nageslag bewaar in sijn geskrif: "Repliek op alle Recensien" (1877). Die pen-aanvalle was, uitgesonderd die van redaksies, naamloos, iets wat Ds. Du Toit daaraan wijt dat hij self naamloos geskrijf het. In sijn Repliek het hij sig daarom openbaar gemaak—hoewel hul hom al tevore uitgeruik het.

Die "Kerkbode" het nie 'n al te seker geluid gegee nie; die "Z. Afrikaan" was onpartijdig; die "Opwekking" was beslis gunstig; eweso die "Maandbode" van die Geref. Kerk, wat ook kerkskole voorstaan "onder

bestuur van kerkeraad met gemeente"; die "Volksblad" was bepaald vijandig.

Die korrespondensies in "Z. Afrikaan" en "Elpis", blijkbaar mees van predikante afkomstig, was dikwels persoonlik en hatelik. Wat hul nie kon klein krij nie was dat Ds. Du Toit beweer het, dat die wereldmag anti-kristelik is. Natuurlik werd verskillende tekste, alsook art. 36 van onse Belijdenis deur die teenstanders aangewend, waarmee Ds. Du Toit egter aldus afgereken het: "De teksten zijn genomen uit *praktiese* gedeelten der apost. brieven, waar zij de gelovigen vermanen de bestaande machten te gehoorzamen... Men merke echter wel op, dat zij spreken van *onderwerping, niet wederstaan, enz.*, maar van zich *verenigen, samenwerken, deelnemen*, enz., geen woord". (bl. 44). Tegelijk werd herinnerd, dat in die eerste boekie sprake was van die Staat naar sijn aard, oorsprong en einde. Ook haal Ds. Du Toit met instemming aan wat "Eenvoudig de Waarheid" sê: "De wereldmacht is uit haar aard anti-kristelik, maar zolang zij nog blijft bestaan onder Gods toelating betaamt het elkeen haar te gehoorzamen; *wij* moeten haar niet verbreken of omverwerpen, *God* zal zulks te zijner tijd doen". (bl. 35).

Voorts het die aanvallers beweer dat die onderwijs nie aan die kerk toebetrouwd is nie, dat die oorseese getuigenisse hier g'n waarde het nie en dat die skedule verkeerd verklaard is. Teenoor die laaste bewering stel Ds. Du Toit 'n brief van die Superintendent van Onderwijs, waaruit duidelik blijk dat die voorgedraë verklaring reg is (bl. 66).

Karakteristiek is hierdie sinsnee in verband met die latere optrede van Ds. Du Toit als getuige vir die waarheid:

> "Had ik mijne "gaven" (dit gaat hier teen die korrespondent M. D.) willen besteden in het medegaan met de menigte en in het naspreken van zekere leiders, dan had ik ook mogelik hoop op een weinig lof van mensen; maar ik zou die dan moeten betalen (en dat is mij te duur) met voor *mijzelf* te vrezen wat ik voor anderen vrezen moet, nam. de toepassing van Christus' woord: "Zij hebben hun loon weg." Ik dank mijn God—al ware het gewicht van smaad en verguizing nog duizendmaal zwaarder, al zou ik eronder moeten bezwijken ik dank mijn God voor de eer dat ik getuigen mocht, en om dat getuigenis ter zijner eer mag gesmaad worden" (bl. 21).

DIE UITWERKING.

Die verklaring van die feit dat so'n kostelike saak als C. N. O. destijds al so'n verset wakker geroep het, en dit van die kerkelike kant, moet hierin gesoek word dat die staatskool toen reeds met 'n kristelike vernis

oordek was. Dit het die oë van menigeen verblind.

Die boekies was ewewel nie sonder uitwerking nie. Ds. Du Toit sê:

"Inmiddels verrezen er vrije christelike scholen op verschillende plaatsen, o. a. te Beaufort West onder de leiding van Ds. W. P. de Villiers. En aldaar werd deze kwestie van zoveel belang geacht, dat Ds. De Villiers en schrijver dezes talrijk getekende rekwisities ont vingen om zich verkiesbaar te stellen voor het parlement, ten einde in 's lands wetgeving de belangen van het godsdienstig onderwijs te bepleiten en meerdere godsdienstvrijheid voor de staatschool te ver krijgen. Schrijver dezes bedankte, o. a. omdat hij uit beginsel geen verbetering van de staatschool wenste, maar gehele vrijmaking der school van alle staatsbemoeiïng. Ds. De Villiers werd echter verkozen en bepleitte in twee zittingen, met veel talent, de belangen van het christelik onderwijs. Helaas, zonder gevolg. Waarop hij be dankte wegens zwakke gezondheid." +

DIE NASIONALE GEVAAR.

Natuurlik het Ds. Du Toit van die begin af, en later aldeur, in die "Patriot" geageer teen die staatskool. Die godsdienstige beswaar was vanself bij hom oorwegend, maar hij het nie nagelaat nie op die nasionale gevaar te wijs. Bijv.: "Deur Engels te beoefen wort die Engelse gees ingeplant... Laat hulle Engels leer wat tijd en geld daarvoor oor het, mar moet nie dit bindend maak vir algar nie". (*P.* 11 Okt., '78).

Ook hierdie sitaat is belangrijk:

"Met 'n stelsel van onderwijs, wat moet uitloop op die vernietiging van die taal van ons kerk, kan ons g'n vrede hê nie en sal ons nooit mé versoen nie, al word oek gepraat dat Hollans nie moet verwaarloosd worde nie.

"Dit is egter nie net daarom dat ons die stelsel bestrij nie, mar in die eerste plaas omdat dit nadelig is ver die *verstandelike* ontwikkeling van ons kinders, en geheel ondoelmatig ver die kinders wat nie in die geleentheid is om in die skole groot te worde nie. Dit leg so voor die hand, en is so onmiskenbaar, dat dit gen nadere toeligting nodig het nie. Dit word dan oek, sover ons weet, nie bestrij nie, mar eenvoudig voorgestel of dit 'n saak is van "kan nie anders nie." Engels *moet* middel van onderwijs wees want ons woon in 'n *Engelse* Kolonie. Nou is dit alweer 'n verkeerde voorstelling van die saak Die waarheid is dat ons in 'n *Hollanse* Kolonie, mar Engelse *besitting*, woon. Net so min as byv. 'n perd van *Hollanse* bloed, deur 'n Engelsman gekog of gejump, 'n perd van *Engelse* bloed word, net so min is 'n Hollanse Kolonie, an die Engelse o'ergemaak, 'n Engelse *Kolonie*. Mar al was dit oek al nie die geval nie, dan sou tog die opdringing van die Engelse taal 'n onreg wees wat ons angedaan word, vernamelik om die nadelige gevolge wat daar uitvloei."

Om die rede was die blad ook sterk teen die sogenaamde Huguenot Seminaries. "Die opvoeding (daar) is ongelukkig *eensijdig* Engels. Ons is nie daarteen dat Engels geleer wort, mar dat die skole ge-

+ De Vrije School voor het Kaapse Parl., blz. 2.

bruik wort om ons taal uit te roei, daar is ons tegen". (*P.* 5 Okt., '77).

### DS. W. P. DE VILLIERS.

'n Ander kampvegter vir die goeie saak was Ds. De Villiers, eers predikant van Beaufort Wes en naderhand van Carnarvon.

Vereers moet ons vermeld, dat deur sijn ijwer 'n bloeiende vrije skool op eersgenoemde plek verrijs het. Ongelukkig werd na sijn vertrek pogings aangewend om dit in 'n regeringskool veranderd te krij. Selfs 'n professor het hom, seker met goeie bedoelings, daarvoor kom beijwer op Beaufort Wes. Daaroor het Ds. De Villiers sig op die Ring beklaag en die Ring het met hom saamgevoel. Op die beskuldiging, dat die wet op punt van godsdiens verkeerd uitgelê word, het hij sig toen aldus verdedig:

" Hij se dat beweerd word dat naar die oorspronkelike wetgevers moet gegaan word om te weet wat die betekenis is van die wet. Van die kommissie, wat oek bepalings omtrent godsdiens onderwijs gemaak het in 1863, was lede die vorige superintendent-generaal van onderwijs (Dr. Innes) en die teenwoordige (Dr. Dale). Ds De Villiers lees uit verslag van die kommissie, hoe Dr. Innes voorgestel het dat een uur *van die gewone skoolure* sou gegee worde vir Bijbellees en godsdiensonderwijs, soos dit vroeger in die goewernementskool was; hoe die kommissie dit verwerp en bepaal het, bijbel en godsdiens moet buite die gewone skoolure wees en hoe Dr. Innes toen daarteen geprotesteer het omrede, dat hij seg : " *'n stelsel wat die bijbel formeel buitesluit, kan nooit voldoen aan die behoefte van 'n gristelike bevolking nie.*" Die ander lede het geswijg en toegestem " (*P.* 26 Sept. '79).

Dis bijna oorbodig om te sê, dat die bedoelde skool gouw die hoof in die goewernement sijn skoot neergelê het.

### IN DIE PARLEMENT.

Belangrijk is verder wat Ds. De Villiers als parlementslid gedaan het.

22 Julie, 1879 het hij als mosie voorgestel: "dat ondersteuning van staatswege gegeven zal worden ook aan vrijwillige scholen, die voldoen aan de vereisten van akte 13, 1865 wat betreft gewoon school-onderwijs, zonder enige beperking van godsdienstig onderwijs".

Hij het 'n uur lang gepraat en werd met die grootste belangstelling aangehoor. Selfs sijn teënstanders moes hom komplimenteer met "sijn bekwame en welsprekende rede".

Helaas! moes die "Patriot" aanteken:

"So is dan Ds. de Villiers sijn mosie koelweg afgestem, soos ons verwag het. Mar wat ons nie verwag het, is dat gen een selfs 'n poging gewaag het om sijn onomstotelike argumente te weerleg nie... Die een stel Ds. de V. voor as 'n rariteit van die oue tijd en 'n vertegenwoordiger van lank verslete ideë (*Argus*); die ander seg: né, hij is mar sijn tijd 'n 20 of 30 jaar vooruit (*Standard and Mail*)..Sover ons gesien het is daar net twe uitsonderinge op die regel: Zuid-Afrikaan swijg, en Patriot getuig met Ds de Villiers...Verblijdend is dit dan ook vir die voorstanders van gristelik onderwijs, dat Ds. de Villiers van plan is om jaar vir jaar die saak voor te bring" (1 Aug. '79).

Ds. De Villiers het sijn saak met die volgende 4 argumente verdedig:

1) Die voorstel stem o'ereen met die beginsele van die opvoedkunde die godsdiens is 'n behoefte van die menselike natuur, en godsdiens kan van die wetenskap nie geskeie worre. 2) Sijn versoek is regverdig. 3) Sijn versoek is uitvoerbaar. 4) Sijn versoek is in belang van die staat."

Die Prokureur Generaal het o. a. daarteen geargumenteer: 1) dat hulle bang is om die skole in hande van die kerk te laat val, 2) dat die kerk tegen wetenskappelik ondersoek is, 3) dat geskiedkundige waarheid er skade bij sou lij as die skoolboeke onder opsig van die kerk sou staan." (*P.* 22 Aug. '79).

Ons spring nou oor op die jaar 1881. Toen het die "Patriot"-kantoor petisies uitgestuur vir Hollands, maar ook vir 'n "Skool met die Bijbel," en op 11 Meï, het Ds. De Villiers ingedien 'n petisie van Ds. S. J. du Toit en 'n party ander predikante en oor 5,000 inwoners van haas al die verskillende distrikte in die Kolonie, vragende om meer vryheid vir die godsdiens op die skole. (*P.* 13 Mei, '81).

Daarop het hij weer voorgestel: "Dat staatstoelagen ook gegeven worden aan alle vrije scholen, die voldoen aan de eisen der schoolwet met betrekking tot gewoon schoolonderwijs, maar zonder beperking met betrekking tot de godsdienst." (*P.* 20 Mei, '81).

Teleurstelling was weer Ds. De Villiers sijn deel. Spoedig daarna het hij vir die parlement bedank. Maar die "Patriot" het voortgegaan met kragtige inleidingsartikels te skrijwe en vorme van petisies vir C. N. O. te publiseer. In later tijd, dit was in '85 en '86, het die koerant eenvoudig gekrijoel van leaders en korrespondensies oor vrije onderwijs. Toen het ook verskijn in die "Patriot"-kolomme die stukke van Di. W. P. de Villiers en M. P. A. Coetsee, wat later in boekvorm uitgegee is. Hul het C. N. O. verdedig teenoor Dr. S. Hofmeyr en Ds. Ross, wat als verdedigers van die staatskool opgetree het.

## DIE AFRIKANER BOND

Was ook 'n magtige faktor ten gunste van die vrijwillig beginsel op skole.

Die Perlse orgaan kon in 1885 met vreugde konstateer:

"Bowedien het di stryd voor di toepassing van di Vrywillig Beginsel op ons skole reeds bemoedigende byval gevonde. Vroeger werd daar haas gen notisi van genome ni - soos dit met *Patriot*, Afrikaner Bond, ens., oek mar gegaan het.

"Dit verander. Ni minder as 10 Takke van di Bond breng di punt voor die Provinsiaal Bestuur. Voor 'n paar weke had ons di genoege 'n petisi ten gunste daarvan met instemming an te beveel, en ons daaroer te verbly dat di saak ter hand genome was deur di Professors en 'n Predikant van di Gereformeerde Kerk te Burgersdorp, ondersteund deur di Albertse Bondstak.

Dit vorder." (*P.* 13 Mrt. '85).

Maar daar het 'n kink in die kabel gekom. Die teenwerking van die "suide" was te sterk en die Bondskongres van die jaar besluit:

"Deze vergadering erkent dat het wenselik is dat Godsdienst een deel van onderwijs uitmake; zij erkent ook verder dat er te veel geld aan inboorlingscholen besteed wordt, doch acht het echter in belang van onderwijs en de goede opvoeding der jeugd geheel onwenselik het Vrijwillig Beginsel op onze Scholen toegepast te krijgen." (*P.* 15 Mei '85).

In 1886 het die "Patriot" sig oor die gedrag van die Bond aldus uitgelaat:

"Di Vrywillige Beginsel op skole toegepas is weer deur di Prov. Bestuur van di Bond verworpe. Dit is in lynregte stryd met di Bondskonstitusi, waarin di Bond op sig neem om "het geven van doeltreffend, degelyk en *Christelijk* onderwys te bevorderen." Dit kan in di Gouwerments skole ni geskide ni, soos herhaaldelik deur ons angetoond. Vollens di skedule mag in Gouwermentsskole ni eens godsdienstig onderwys gege wo"de ni, lat staan *gristelik* onderwys. Regeringsskole onder 'n gemengde bevolking *moet* uit di aard van di saak neutraal wees. Di Bond moet dus een van twe doen òf met di Regeringsskole breek, òf syn Konstitusi op di punt verander. Nou is hy 'n huis teen sig self verdeeld, wat na di woord van onse Heiland, ni kan bestaan ni." (*P.* 16 Apr. '86).

En wederom: "Weer sal di vrijwillig beginsel moet onderspit delwe—terwijl tog di grote meerderheid van di Bondstakke daarvoor is". (*P.* 30 Apr., '86).

Biesonder karakteristiek vir die toestand van die daë is hierdie stukkie uit die "Educational Times of S. Afr.":

'Onder syn ander moeilikhede, het di Koloni oek met di kwaadstokery van di Bond en di Doppers te doen, wat nou vir di Vrywillig Beginsel in di onderwijs agiteer. Di voorgewe is dat in di publike skole gen godsdiensonderwys gegewe word ni. Dit, verre van waar te wees, is groffe lastertaal te'eno'er di grote meerderheid van skole in di Koloni. Daar het nooit enige verhindering bestaan van di kant

van di Departement van Onderwys, om di vrywillige pogings van Onderwysers en Skoolkomites te dwarsboom, om kinders, wier ouders dit verlang, uit di Bybel te onderwys. Ne, meer met di doel om di onredelike beroerders genoege te ge. werd in di laaste Parlementssitting bepaal dat Godsdiens-onderwys sou gege worde in di gewone skoolure, an al di kinders wier ouwers dit verlang. Selfs dit draag di Doppergoedkeuring ni eens weg ni; en onlangs het ons verneem dat di eerste Inrigting vollens di Vrywillig Beginsel geopen is te Burgersdorp, en wel met soveul trompetgeklank, as di Dopperdom in di stad en Distrik mar kan maak. Di eerste Inrigting van di soort in Suid Afrika, voorwaar! Ons herinner ons 'n skool, veule jare gelede in Colesberg begonne, deur Doppers. Hulle het 'n onderwyser gehuur, baing jongetjies en meisies het skool toe gekom, di saak het gegaan—hoe lang? Tot di onderwyser hongersnood ly. Hulle het hulle kinders na di geesdriftige volk, di Doppers, gestuur, mar soos di onderwyser by syn vertrek geseg het, hulle het verwag dat hy en syn kinders van di lug kan lewe. Toen di dorpsinrigting op 'n end was, dag hulle dat hulle liwers buite op 'n boereplaas moes perbeer; mar mislukking volg oek di twede beweging op 'n vernederende manier." (*P.* 15 Okt '86).

## DIE JAAR 1885.

Toen werd in die parlement 'n memorie van Albertse kiesers ingedien ten gunste van vrije skole. Die saak werd in 6 welomskrewe punte bepleit. Biesonderhede daaromtrent vind die leser in Ds. Du Toit sijn boekie: *De Vrije School voor 't Kaapse Parlement.*

Die volgende argumente werd deur die kiesers aangevoer:

1) dat nie die Staat moet skoolmeester, maar da't dit die ouer sijn plig is, 2) dat die buitebevolking verwaarloos word, 3) dat die vrijwillig beginsel duisende ponde sal uitspaar, wat vir nodiger doeleindes kon besteed word, 4) dat die belangstelling meer sal wees als 'n mens self vir die onderwijs moet betaal, en 5) dat dan die skool nie langer neutraal hoef te wees nie.

Mnr. Venter het toen op die saak 'n voorstel gemaak en werd daarin bijgestaan deur mnre. A. B. de Villiers, J. Joubert en I. van der Walt.

Mnr. Venter het voorgestel:—

"Dit Huis is van gevoelen dat het Vrijwillig Beginsel op Scholen behoort toegepast te worden;" en zeide, dat hij oppositie verwachtte op zijn voorstel, van de leden voor Kaapstad en Victoria Oost, die geobjekteerd hadden tegen de vertaling van het rapport van wijlen de heer Ross Daarna had hij het rapport gelezen van Dr Dale, dat in hoofdzaak overeenkomt met dat van de heer Ross. De Boeren waren de grootste belastingbetalers, en genoten het minste voordeel van Goevernementscholen. Kinderen van 7 jaren oud werden op deze scholen onderwezen, terwijl Boerenkinderen van 12 of 18 jaren onvermijdelik uitgesloten werden om deel te nemen aan deze toelagen, maar de ouders van laatstgemelde kinderen moesten niettemin betalen voor de oprichting van de [Goevernement]-scholen. De heer Venter las uitvoerige uittreksels uit nieuwsbladen, enz., aantonende de ongelijke verdeling van schooltoelagen, en de grote som welke de Boeren

voor deze scholen moeten betalen, tegenover het geringe voordeel dat zij er van genieten. Uit het rapport van de heer Ross toonde hij aan dat private scholen meer voldoening gaven dan Goevernementscholen. Hij las een gedeelte voor uit het rapport van de heer Clarke, van 1880, waaruit het bleek dat hij acht uit de tien scholen, die hij bezocht had, afkeurde. De heer Venter ging voort met te zeggen, dat hij het rapport van de heer Ross niet als een eenzijdig rapport beschouwde. Volgens Dr. Dale's instrukties was het onderwijzers niet toegelaten om kinderen de Hollandse taal te leren, indien hun ouders niet aanzoek deden daarom, en godsdienstig onderwijs werd slechts buiten de bepaalde schooluren toegelaten. De regulaties gaven naar zijne mening geen satisfaktie aan de Boeren. Een andere bepaling was, dat kinderen een jaar in de school moesten wezen ten einde gerechtigd te wezen op Goevernements toelage, aan welke bepaling geen Boer kon voldoen. Hij wenste te weten of de Inboorlingen van de Transkei en andere plaatsen, op kosten van de Wijnboeren moesten geleerd worden. De mensen zouden nooit tevreden wezen indien het geld aldus gebruikt werd Of er goede of slechte tijden heersten, de Boeren moesten voor Goevernementscholen betalen, terwijl, hadden zij hun eigene scholen, konden zij dezelve sluiten, totdat de tijden weer beter waren. De heer Saul Solomon had 21 jaren voor het Vrijwillig Beginsel in Kerken gestreden, en hij zag niet in waarom dezelfde strijd ook niet voor het Vrijwillig Beginsel op scholen zou gestreden worden. In de Kaapstad, Stellenbosch, enz., moge het tegenwoordig stelsel goed werken, maar in het land was zulks niet het geval. (Cape Times Rapport).

Die teenstand was egter baing sterk. Ds. Du Toit resumeer die verset aldus:

"*Eerste stokpaardje,* bereden door de heren Thom, Eerw. Fuller, Hockly, Du Toit, Tudhope, Robertson, Keyter: "verbetering van gebreken, maar niet omverwerping van 't systeem" —en dat tegenover lieden die 't juist tegen 't principe van het systeem zelf hebben!

*Tweede stokpaardje,* bereden door de h.h. Oosthuyzen, Louw, Fuller en Keyter: "niet in de school en niet door de onderwijzer, maar thuis en in de kerk door ouders en leraren moet godsdienstig onderwijs gegeven worden"—en dat tegenover Christenen, die volgens hun Bijbel geloven, dat godsdienst en wetenschap niet te scheiden zijn!

*Derde stokpaardje,* bereden door de h.h. Van Rensburg, De Vos, Oosthuijzen en Fuller: "Onderwijs is *de* zaak waar alles van afhangt; onderwijs moet en zal alles recht maken; dus moet men ons systeem laten"—en dat tegenover mannen, die juist om 't groot belang van 't onderwijs 'n beter systeem begeren" (a. w. bl. 44).

So was die kwessie weer vir 'n jaar van die baan. Maar nou kom

## MNR. JAN HOFMEYR.

Hij stel in 1886 in die parlement voor, dat onderwijs in die godsdiens *binne* die gewone skoolure moet val, en daarmee was bij die meeste mense die saak van die regeringskool daardeur. Sijn spiets is al te be-

langrijk om nie hier gedeeltelik oor te neem nie.

"Het getal der ingezetenen die weigeren hun kinderen te zenden naar de van Staatswege ondersteunde scholen, wegens het godsdienstloze van het daar gegeven onderwijs is steeds toenemende. Zij willen hun kinderen niet laten besmetten op "de school zonder God of van waar God gedurende vier en een half uur op elke dag verbannen is." Als gevolg worden de kinderen der zodanigen, òf heel onvolledig opgevoed òf de ouders zenden ze naar dusgenoemde "vrijwillige scholen," al zij het ook tegen aanmerkelike uitgaven—en zodanige "vrijwillige scholen" verrijzen er steeds meer en meer. Natuurlik worden de krachten daardoor versnipperd en lijden onderscheidene door de Staat ondersteunde zowel als "Vrijwillige" scholen, dientengevolge een kommervol bestaan—noch de een noch de andere klasse van scholen is zo doeltreffend als zij zoude zijn ware er slechts één klasse. En nog meer. Zij die wegens hun gewetensbezwaren zich geroepen achten de hand in de zak te steken om hun eigen kinderen aan geen godsdienstloos stelsel bloot te geven, kunnen niet inzien waarom zij tevens, door middel van toelagen uit 's lands kas, zullen helpen om de kinderen van andersdenkenden naar de "school zonder God en Bijbel" te zenden. Daarom zetten zij een beweging op touw tegen alle Staatstoelagen voor scholen, m.a.w. ten gunste van wat zij "het Vrijwillig Beginsel op de School" noemen. Zes of zeven jaren geleden reeds, toen Ds. W. P. de Villiers het onderwerp in dit Huis aanroerde, voorspelde ik dat dit de uitwerking van de bedoelde regulatie zoude zijn. Het spijt mij dat die voorzegging tans wordt bewaarheid. Reeds zijn er onderscheidene petities ingeleverd ten gunste van het Vrijwillig Beginsel en nog andere zijn aan 't komen. Er wordt schaars één staatkundige vergadering in 't onderveld gehouden of het Vrijwillig Beginsel wordt er besproken. Bij de jongste sessie van het Provinciale Bestuur van de Afrikaander Bond, te Grahamstad gehouden, werden beschrijvingspunten van niet minder dan *tien* takken ten gunste van het Vrijwillig Beginsel ontvangen, en het Provinciale Bestuur zelf verwierp het stelsel slechts met geringe meerderheid. Ik meen dat de gehele Gereformeerde Kerk—die waarmede Ds. Postma's naam vereenzelvigd wordt—er voor is. En ook in de Nederduits Gereformeerde Kerk staan enkele predikanten tans aan dezelfde kant. Het stelsel loopt kans bij de volgende Parlementaire elektien in 't spel te komen. Inderdaad heeft het reeds een onzer anders meest populaire staatkundigen, een lid van het Hogerhuis (de edele heer D. P. van den Heever) een votum van afkeuring bezorgd op een openbare vergadering laatst te Burgersdorp gehouden......Ik kies niet het woord "religious instruction," godsdienstig onderwijs, maar wel "instruction in religion," dat zowat gelijk staat met het Hollands "*Godsdienst* onderwijs." Ik verlang dat de regulatie als volgt zal luiden:—"Het Schoolkomité zal mogen zorg dragen voor het onderwijs der leerlingen in de godsdienst gedurende de gewone schooluren; maar geen leerlingen zullen gedwongen worden zodanig onderwijs bij te wonen zonder konsent hunner ouders of voogden." Voorts stel ik voor, dat de *gewone* schooluren *vijf* in plaats van $4\frac{1}{2}$ per dag

zullen zijn ; dat wil zeggen, ik reken het half uur tussen 9 en half 10 (dat tot dusver voor godsdienstig onderwijs werd uitgesloten) bij de *gewone* schooluren—Wat zal er nu op de scholen geschieden, indien deze verandering doorgaat? In 99 gevallen uit de 100 precies hetzelfde als nu. Het half uur tussen 9 en half 10 zal worden gewijd aan de godsdienstige opening, aan Bijbellezing, Bijbelse Geschiedenis, en hier en daar aan Catecheties onderwijs. In enkele gevallen zal het wellicht geriefliker uitkomen dit onderwijs later in de dag te geven, zegge vóór de sluiting of vóór de middag pauze. Niemand zal bij de verandering lijden. En toch er zal een grote verandering plaats vinden. Een ieder zal weten, dat *Godsdienstig* onderwijs nu niet langer is verboden, dat zelfs *Godsdienst* onderwijs nu gedurende de gewone schooluren veroorloofd is. Al het onderwijs zal een Godsdienstige geest mogen ademen. De *eerlike* gewetensbezwaren van vele ouders zullen worden uit de weg geruimd, en zij zullen niet meer aarzelen hun kinderen naar van Staatswege ondersteunde scholen te zenden. De schoolkomités, de onderwijzers, de kinderen en de ouders zullen er bij winnen." (*P.* 7 Mei '86).

Dit was 'n handige set van Mnr. Hofmeyr. Maar die "Patriot" had genoeg oorsaak om oor die sogenoemde verandering verontwaardigd te wees en te sê:

"Di grote verandering sal ni wees ten gevolge van 'n *wesenlike* verandering in di saak ni, mar veroorsaak worde deur 'n *skyn* verandering, wat eenvoudige, vrome, goedgelowige gristene di oge sal verblinde.

"Vir di slag genoeg. Ons besluit met te herhaal wat ons by di ankondiging van di voorstel geseg het, namelik:

"Ons daag enig man uit om 'n regulasi te stel wat in *skyn* meer beloof en in *wese* minder geef, of een wat meer berekend is vir misleidende verklarings om oge te verblinde." (7 Mei '86).

## NIE ALMAL TEVREDE NIE.

Ds. W. P. de Villiers het toen verskeie Ope Briewe aan Mnr. Hofmeyr gerig, om aan te wijs, dat die verandering 'n teleurstelling is. Ons gee net enige sinne uit sijn laaste brief:

"Wij hebben in de Kolonie geen Staatskerk meer : de laatste band die ons aan de Staat bond, is door de invoering van het Vrijwillig Beginsel in de Kerk verbroken. De Staat heeft dus zelf verklaard: van ons standpunt kunnen wij geen Kerk of godsdienst meer ondersteunen. Maar dan ook, om konsequent te zijn, moeten wij erkennen, *ook de school niet, die van Kerk en godsdienst niet kan losgemaakt worden.*

In hoeverre nu brengt de nieuwe regulatie enige verandering ? Theoreties zeker niets minder dan de erkenning : de godsdienst behoort in de school thuis. Maar prakties alweer niet veel : door de gewetens clausule, door de zaak in handen der School Kommissies te laten, enz., blijven nog vele bezwaren bestaan, waarvan ik enige heb opgenoemd. Gij zelf hebt beweerd, dat er feitelik geen verandering zal plaats vinden. Dit een en ander in aanmerking genomen, spijt mij, dat

ik ook voor als nog mijn standpunt niet kan veranderen, en medewerken om hier een "godsdienstige onkerkelike school" op te richten of in stand te houden." (*P.* 20 Aug., '86.)

In 'n ander toon skrijf Prof. Cachet zijn "Zwart Pilletjes," maar die ernstige waarheid kijk deur al die luimigheid heen:

"Een mens kan tog nooit goed doen en alle mensen behagen, al sukkel je nog zo, dat zal mijnheer Hofmeyr ook ondervinden met zijn voorstel over godsdienstig onderwijs in de publieke scholen. Al die koeranten roepen Hoera! Nou is die storie uit, en hij was seker al blij, doch nu zitten er twee Mordechais aan de poort, die niet willen saam schreeuwen.

De een is een Orthodokse en de andere een Liberale: "De Patriot" en de "Border News." "De Patriot" zegt, jij geef te min. De "Border News" zegt, jij bemoeit je met zaken die je niet aangaan; alle twee zeggen: "Goevernement kan geen Godsdienst Onderwijs geven." Hoe ze ook anders verschillen hierin komen ze overeen.

Om die twee Mordechais stil te krijgen zal maar zwaar gaan. Alle twee hebben een beginsel en beginsels kan een mens niet zo maar doodslaan De andere koeranten hebben ook wel een beginsel, namelik dit: "Kinders wees zoet, Ou Pa zal alles regt maken," maar dit beginsel begint al regte krukkend te worde.

Toen ik het voorstel van Hofmeyr las, dacht ik aan mijn vrouw haar Ou Tante. Die Ou Tante was een dokters vrouw en kon al te goeie middels geven. Als een mens ziek was, dokterde ze fluks; maar als niets wilde helpen, dan maakte zij "een extra drankje." Zij nam uit al die botteltjes in de huis-apotheek vijf druppels, en van ieder poeiertje twee korreltjes, dit gooide zij door mekaar, en gaf de zieke in Als dit niet hielp, dan werd zij kwaad en zei: "Hij kan maar dood gaan."

Hofmeyr heeft ook zo gedaan, als zijn drankje niet helpt, dan kan de publieke school maar dood gaan." (*P.* 21 Mei '16.)

Hiermee neem ons afskeid van die C.N.O.-beweging in de Kaap-Kolonie. Die kindjie het 'n rukkie geleef, tot grote vreugde van die dankbare Kristen-ouers, maar is spoedig aan die tering oorlede; terwijl die ander kindjie, wat aan moeder-regering gedrink het, spoedig dik en vet was.

## SUPERINTENDENTSKAP.

Theorie en praktijk wil nie altijd strijk nie, maar Ds. Du Toit het die twee tamelik goed laat marsjeer nadat hij sedert 1882 als superintendent van onderwijs in Transvaal opgetree het. Ons sal nou aanwijs, dat die leer waarvoor hij soveel jare gelij en gestrij het ook deur hom beleef en beoefen werd. En dit met die groots-mogelike sukses als ons in aanmerking neem dat die regering destijds nog in Transvaal beskouw werd als 'n soort al-vader, van wie alle landsegeninge afdaal. Bij die beoordeling van Ds. Du Toit s'n gedragslijn, moet ons die destijds heersende patriargale staatsopvatting steeds in die oog hou. Dit in aanmerking geneem moet ons sê dat hij dit baing

vêr gestuur het. Hier is wat hij daaromtrent self laat opteken het:

"Na teruggaaf van die land, bij herstel van die Republiek, het die driemanskap per telegraaf mij die betrekking van skoolopsiener aangebied met salaris van £600 en reiskoste. Ik had besliste gevoelens omtrent Chr. Onderwijs en het geantwoord, dat ik dit nie kon aanneem voordat ik met regering ooreengekom was omtrent die grondslaë van 'n wet vir Chr. Nat. Onderwijs. Van mijn gemeente had ik verlof om daarvoor eers 'n reis naar Transvaal te maak. Beginsels dit: 1) dat onderwijs nie saak is van die staat nie maar van ouers en kerk, 2) dat staat sijn bemoeiing moet beperk tot bijdraë van subsidie, volgens getal leerlinge en graad van onderwijs, en toesig moet hou om te sien dat geld goed gebruik word— sover die vorming van die burgers dit eis, waarin natuurlik die eis begrepe was van suiwer christ. nation. onderwijs. Oprigting van skool en bestuur werd dus gelaat aan partikuliere inisiatief; die skool was nie staatseigendom en onderwijsers was g'n staatsambtenare. Die subsidie was vir die arme republiek nogal mild: £3 per jaar vir elke leerling in lager onderwijs (st. 1—3) en £5 per jaar vir middelbaar onderwijs; en vir werkelik behoeftige leerlinge (op sertifikaat van veldkornet, landdrost of predikant) dubbel die bedrag, terwijl hul dan geheel gratis onderwijs ontvang.

"Die systeem van subsidie had o.a. die volgende voordele: 1) dat die godsdiens kwessie nergens 'n hinderpaal was, hoewel die skool beslis christelik was; daar was skole nie alleen van die drie Holl. Kerke, maar ook van Episkopaalse en Roomse Kerk, hoewel medium van onderwijs Hollands was; 2) dat die Boerebevolking ook daarvan geprofiteer het omdat die regering suiwer quid pro quo werk, hetsij vir 5 of 50 kinders. Die betaling naar getal leerlinge was 'n drijfveer vir belanghebbende om getal leerlinge soveel mogelik te vergroot, terwijl verhoging van betaling vir middelbaar onderwijs onderwijsers hul bes laat doen het om kinders tot stand. 4 op te breng. Gevolg was dan ook dat waar ik net 6 dorpskole gekrij het bij aanvaarding, binne twee jaar tijd die getal oor 200 was.' Die bepaling dat als 'n kind nie 15 volle daë in 'n maand in die skool was, g'n subsidie gegee werd, het gemaak dat skoolbesoek geregelder was dan in K.K., Vrijstaat en Natal. (Sie Jaarverslag).


# VAN DIE EERSTE MEDEWERKERS IN DIE TAAL-SAAK.



Mnr. D. F. du Toit, D.P. zn.
("Oom Lokomotief")



Mnr. A. Pannevis.




Mnr. G. J. Malherbe.




Mnr. C. P. Hoogenhout.


# VAN DIE EERSTE MEDEWERKERS IN DIE TAAL-SAAK.



Dr. Brill.



Mnr. G R. von Willigh.



Mnr. S. G. du Toit.
Sekr. van die Genootskap.

## DIE TRANSVAALSE SKOOLWET.

Hier volg nou die skoolwet soos dit deur Ds. Du Toit ontworpe en deur die Rade aangenome werd. Hoe jammer dat later nie op die grondslag voortgebouw is nie!

Art. 1. De Regering der Z. A. Republiek, uitgaande van het beginsel dat het de taak is der ouders te zorgen voor het onderwijs hunner kinderen, beperkt hare bemoeiingen met het Schoolwezen.

*a.* Tot het aanmoedigen van partikulier initiatief (onderneming) bij de burgerij door geldelike bijdragen ter ondersteuning van Scholen;

*b.* Tot het Schoolopzicht, voor zover zij zich geroepen acht, toe te zien, dat hare toekomstige burgers de vereiste Christelike opvoeding ontvangen; en

*c.* Tot het stichten van een inrichting voor hoger onderwijs, voornamelik ter opleiding van onderwijzers en andere ambtenaren, volgens een later afzonderlik te maken Reglement.

Art. 2. Erkennende dat het Godsdienstig onderwijs als zodanig thuis behoort bij de Kerk en niet bij de Staat, zo eist de Regering slechts dat, in alle van regeringswege ondersteunde scholen, het burgerlik onderwijs behoorlik gegeven worde:

*a.* In Christelike geest:

*b.* Waarbij begrepen is het openen en sluiten der School met gebed, en het lezen van Gods Woord en de behandeling der Bijbelgeschiedenis binnen de schooluren;

*c.* Terwijl het bepaald konfessioneel (leerstellig) onderwijs aan de respektieve Kerkbesturen wordt overgelaten;

*d.* Waarin de verschillende schoolbesturen naar omstandigheden zullen behulpzaam zijn, door de vrijstelling van schoollokalen als anderzins;

*e.* Waarbij de Regering de wenselikheid uitspreekt, dat de verschillende Gemeenten en Kerkeraden zelf, zoveel mogelik is, het initiatief nemen in het stichten van scholen en het kiezen van schoolkommissien.

Art. 3. De Regering wenst, zoveel mogelik, door hare ondersteuning het onderwijs toegankelik te maken voor alle burgers der Zuid-Afrikaanse Republiek, inzonderheid ook voor de ver uiteen wonende boerenbevolking, en biedt daartoe een jaarlikse toelage aan voor alle scholen die voldoen aan de eisen van dit Reglement, berekend én naar het aantal leerlingen én naar de standaard van onderwijs in de respektieve scholen.

Art. 4. Het onderwijs wordt verdeeld in:—

*a.* Elementair (lager) onderwijs, omvattende het lezen, schrijven, rekenen en zingen, en de beginselen der Nederduitse taal;

*b.* Middelbaar onderwijs, omvattende, behalve het bepaalde voor elementair onderwijs (4. *a*), een grondige kennis van de taalkunde der Nederduitse, en, waar zulks verlangd wordt, ook der Engelse en Hoogduitse talen; de

beginselen der aardrijkskunde en die der geschiedenis, zowel algemene als die van Zuid Afrika en der Zuid Afrikaanse Republiek in het biezonder; waarbij als aanbeveling gevoegd wordt: onderwijs in de beginselen der wiskunde en letterkunde, het tekenen en boekhouden, benevens muziek en handwerken voor meisjes; en

*c.* Hoger onderwijs, overeenkomstig nader te maken bepalingen.

Art. 5. De Superintendent van onderwijs beslist, uit de opgezonden verslagen, zowel als door inspektie, hoevele kinderen in de respektieve scholen geacht moeten worden elementair en hoevele middelbaar onderwijs te ontvangen, overeenkomstig Art 4 van dit Reglement.

Art. 6. Waar het onderwijs voldoet aan de eis van dit Reglement, geeft de Regering een jaarlikse toelaag van £3 voor elke leerling die elementair en £5 voor elke leerling die middelbaar onderwijs ontvangt. Deze toelagen worden uitbetaald 4 malen 's jaars, nadat de Superintendent de verslagen der verschillende scholen zal hebben nagezien en deswegens aan de Regering zal hebben gerapporteerd. Op aanbeveling van de Superintendent van Onderwijs geeft de Regering een honorarium van £ tot £ per jaar aan enige onderwijzer wiens school het bewijs levert van buitengewone bekwaamheid en vlijt, berekend naar de graad van verdienstelikheid.

Art. 7. Het onderwijs zal gegeven worden in de Nederduitse taal.

## TOELIGTING.

Laat ons nou hoor hoe Ds. Du Toit die wet toelig. Hij doen dit in 'n antwoord op 'n adres uit Rustenburg ontvang. In die toeligting lê punte wat nie straffeloos deur latere wetgewers verwaarloos is nie. Lees maar oplettend:

"Ik wilde niet bouwen zonder fondament. En deze vooraf vastgestelde grondbeginselen kunnen wij onder drie hoofdpunten samenvatten :—

1. Het onderwijs moet gegeven worden in Christelike (hoe wel niet juist konfessionele) geest; de Bijbel moet de ereplaats hebben in de school.

2. De ondersteuning der H.E. Regering moet gelijkelik toegekend worden aan dorpeling en buitenman, eenvoudig berekend naar verdienste, ge-evenredigd aan het aantal leerlingen en de graad van onderwijs.

